

Inhoud. Hierdie preek wys op die teenstelling tussen die mag wat Christus as Messias vestig om aan die regterhand van die Vader te sit teenoor die magsdrif van die geestelikes van hierdie wêreld. Die geestelikes sien die Here se oorgawe aan die godverlatenheid van sy Vader as as sy oorgawe aan hulle spirituele mag terwyl die ironies genoeg die magsdaad is waardeur Hy die Here sal wees om sondears nooit as God ooit te verlaat nie. Hierdie teenstelling tussen wat die Here regtig vermag en wat hulle glo hulle met die Here vermag, gaan oor die teenstelling tussen die mag van die Here en die mag van geestelikes. Die Here skep die mag om God in liefde teenwoordig vir sondears te wees sodat hulle ook in hulle sonde nooit godverlate sal wees nie. Geestelikes skep die spirituele mag om mense aan hulle geestelikheid te onderwerp en die waan dat hulle mense godverlate kan hanteer. In hierdie geestelike godverlate onderwerping van mense is hierdie spirituele leiers niks anders as die geweldnare van hierdie wêreld wat gelowiges die potskerwe en wurms onder hulle magsgeweld wil maak nie. Christus het juis sy mag so gevestig dat Hy ons in hierdie geweld van geestelikes en goddeloses nooit godverlate sal laat wees nie.

1. Lied 381:1,2,3

Skriflesing Ps.22:2 - 32 en Matt. 27:33-46 en 28:1-20

Ps.22:2 – 32:

"²My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep? ³My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie. ⁴U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink! ⁵Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered. ⁶Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie. ⁷Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag. ⁸Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my tong uit en knik met voldoening die kop en sê: ⁹"Laat dit aan die Here oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry as Hy dan so baie van hom hou." ¹⁰U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder. ¹¹Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God. ¹²Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie. ¹³'n Wreedaardige klomp mense het my omsingel, soos beeste uit Basan staan hulle my toe. ¹⁴Soos verskeurende, brullende leeu storm hulle met oop bekke op my af. ¹⁵Ek is soos uitgestorte water, al my bene het uitmekaar geval, my hart het soos was geword, dit smelt weg in my. ¹⁶Ek is so min werd soos 'n potskerf, my tong kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek dood is. ¹⁷Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas. ¹⁸Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met leedvermaak. ¹⁹Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel. ²⁰En U, Here- moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag, help my tog gou! ²¹Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die honde. ²²Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit. U het my gebed verhoor! ²³Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys. ²⁴Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob! Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel! ²⁵Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor. ²⁶My loflied in die volle vergadering kom van Hom af, my geloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien. ²⁷By dié offermaaltyd sal die armes genoeg hê

om te eet, en sal dié wat na die wil van die Here vra, Hom prys. Mag hulle lank en gelukkig lewe.

²⁸Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer. Alle volke sal Hom as koning erken, ²⁹want die koningskap behoort aan die Here; Hy heers oor die volke. ³⁰Al die rykes van die wêreld sal ook aan dié maaltyd deelneem en Hom as koning erken, ja, alle mense, sterflik en verganklik, sal voor Hom kniel. ³¹Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here vertel aan die volgende geslag. ³²Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen.”

Matteus 27:33-46 en 28:1-20:

³²Toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Sirene met die naam Simon, en hulle het hom gekommandeer om Jesus se kruis te dra. ³³Hulle kom toe by 'n plek wat Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek. ³⁴Daar het hulle Hom 'n mengsel van wyn en gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie. ³⁵Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot. ³⁶Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag gehou. ³⁷Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: “Dit is Jesus, die koning van die Jode.” ³⁸Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom. ³⁹Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud ⁴⁰en gesê: “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!” ⁴¹Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê: ⁴²“Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. ⁴³Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!” ⁴⁴Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig. ⁴⁵Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. ⁴⁶Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

¹⁶Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. ¹⁷Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. ¹⁸Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. ¹⁹Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en ²⁰leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Nagmaalbediening

2. Lied 389:1,2,3

3. Lied 387:1,2,3

Teks: Matteus 27:46: *“My God, my God, waarom het U my verlaat?”* en **Ps.22:25:** *“²⁵Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.”*

Tema: Christus bewerk in Sy Godverlatenheid die mag om altyd God met sondaars te wees

1. Die Godverlatenheid van Christus aan die kruis is die oomblik waarin Christus bewerk dat Hy alle mag in die Hemel en op aarde ontvang.

Op Golgota vind daar aanhoudend diep teenstrydighede plaas tussen wat die Here doen, en dit wat die Joodse geestelikes en die gemeenskap met Hom doen.

In Jesus se Godverlatenheid vertoon die Joodse geestelike elite die mag van hulle spiritualiteit met die honende spot: “Red jouself en kom van die kruis af.”

In hierdie verklaring van die vestiging van Jesus se mag om God met sondaars te wees, sien hulle die bevestiging van Sy magteloosheid binne-in hulle spirituele mag.

Hierdie teenstelling wys in elke insident wat op en om die kruis afspeel.

2. Hoe kan dit gebeur dat Jesus se vestiging van Sy mag as God, vir die Joodse gemeenskap die bevestiging van Sy magteloosheid in hulle geestelikheid is?

Dit gaan oor watter mag gesien word en op watter mag gefokus word.

Die mag wat die Here mee besig is, en die mag waarmee die Joodse geestelikes mee besig is, is in twee heeltemal verskillende plekke gesetel. Christus aan die kruis is besig met die mag om sondaars deel van God se liefde te maak.

Die Joodse geestelikes is nog die hele tyd gefokus op die mag wat hulle gesien het by die poort toe Jesus op die donkie Jerusalem binnegekom het en die massa Jesus as die koning van Dawid, die Messias uitgeroep het.

3. Daarom vind hierdie onpeilbare teenstelling plaas dat Jesus se verklaring van Sy mag, deur die Joodse geestelikes gesien word as Sy finale oorgawe aan hulle spirituele mag.

Dit is wat gebeur in Jesus se verklaring: “My God, my God, waarom het u my verlaat?”

In hierdie woord openbaar die Here watter mag ter sprake is en hoe Sy mag gevestig word, maar in die ore van hierdie gemeenskap sou dit geklink het as hoe Hy gebreek is en Hom gebroke aan hulle mag oorgegee het.

4. Wat openbaar die Here in hierdie woorde aan die kruis: “My God, my God, waarom het U My verlaat?”

Christus bewerk in Sy Godverlatenheid die mag om altyd God met sondaars te wees

U kan en mag dit nooit hoor as 'n emosionele kreet van onbegrip, verwarring en as 'n verwyf van Christus teenoor God, asof Jesus nou teleurgesteld die onverwagte ervaar dat God hom verlaat nie.

Hierdie woorde verwoord nie dat iets nou besig is om te gebeur wat Jesus nooit verwag het nie – om deur God die Vader verlaat te word nie.

Hierdie woorde is 'n direkte aanhaling van Ps.22, waar Dawid, as die draer van die Dawidsbelofte van 2 Sam. 7, (een van jou seuns sal koning wees en Ek sal vir Hom Vader wees en Hy sal altyd koning wees, my trou sal ek nooit aan Hom onttrek nie, Hy sal altyd deel in die mag, krag en liefde van die Vader), hierdie Psalm skryf.

5. Wat doen Christus as Hy hierdie woorde van die Psalm aanhaal aan die kruis as die verklaring waarmee Hy sterf?

Met hierdie verklaring openbaar die Here wat regtig tussen Hom en die Vader gebeur.

Met die skryf van Ps. 22 verwoord Dawid wat Hy gedink het met hom, as koning van die Dawidsbelofte, besig was om te gebeur in sy koningskap.

In sy koningskap dink hy hy is 'n wurm vir ander: in sy koningskap is hy onbeduidend en irrelevant. Juis in sy mag as koning, word hy gespot as iemand wat deur God verlaat is en hierdie verlatenheid van God beteken dat God hom in sy koningskap onbelangrik en betekeloos maak, 'n wurm.

God se verlatenheid beteken dat hy oorgegee word aan die wreedheid en vernielsug teen sy koningskap. Mense verskeur hom soos leeus. Hy word vasgevang in die dreigende mag van boosaardige mense en beleef die magteloosheid soos om deur wildebeeste omsingel te wees. Hy is as koning so min werd as 'n potskerf. As koning het hy geen waarde meer oor nie, en die gemeenskap is soos 'n trop honger honde wat op die eerste teken van sy swakheid en weerloosheid, hom sal verslind.

In dit alles sien Dawid dat die Here hom in sy koningskap oorgegee het aan die mag van wetteloses en goddeloses wat geen agting vir sy koningskap het nie.

Hierdie oorgawe beteken dat God as teenwoordige God, vir hom afwesig is. Dit beteken nie dat God vêr of eenkant is nie. Dit beteken dat God as teenwoordige God Dawid nie tot hulp en redding wil wees nie, maar in woede en haat hom juis aan hierdie wetteloses en goddeloses oorgee.

6. Maar dit was net die angs en paniek wat Dawid gevoel het in hierdie bedreiging, wat hom sy ongeloof in God se hulp en mag laat verklaar het.

Dit was nie wat werklik besig was om met Dawid te gebeur nie, want net 'n paar verse verder in die Psalm, getuig hy self dat alles net gevoelens en gedagtes in angs en paniek was, maar dat wat hy oor God geglo het in hierdie toestand, vir hom nooit werklik waar was nie. Intendeel. In alles was God nog steeds sy hulp.

Christus bewerk in Sy Godverlatenheid die mag om altyd God met sondaars te wees

Met Jesus se aanhaling van die Psalm, bevestig en verklaar Hy dat alles wat Dawid gedink het oor God, nou met Homself regtig gebeur. Christus as die beloofde seun van Dawid, wat vir altyd Koning sal wees, word werklik deur God die Vader verlaat.

Christus as Seun van God is Godverlate in die teenwoordigheid van God.

En daarom is Hy die enigste een wat die straf van werklike Godverlatenheid en die angs van die werklike verskrikking daarvan, dra.

7. Daarom moet u die beklemtoning van hierdie verklaring reg hoor. Die klem val op “mý”; “waarom mý”! U geliefde Seun wat in liefde en toewyding aan die Vader volkome is – heilig in liefde is; U geliefde Seun wat in liefde heeltemal reg is in toewyding – regverdig volgens die eis van die Wet.

Waarom vir mý!

En dit is nie maar net ’n vraag in onbegrip en verwarring nie, maar hiermee begrond die Here Sy verklaring in 28 verse 17: “Aan my is alle mag op hemel en op aarde gegee.”

Met die Here Jesus se werklike Godverlatenheid het Hy die mag begrond dat geen sondaar vir wie Hy Here is, ooit Godverlate sal wees nie: Hy sal altyd God in liefde met hulle wees, tot die voleinding van die wêreld.

8. Geen sondaar is in Christus ooit Godverlate, sonder die hulp van God wat teenwoordig is, oorgegee aan die mag van wetteloses en goddeloses nie.

En dit is presies waarvan Dawid dan in die tweede gedeelte van Ps. 22 getuig, soos hy dit verwoord in vers 25: *“²⁵Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.”*

Die hulpelose in die Psalms is altyd hulle wat leef in die geregtigheid wat God gee, en daarom uitgelewer is aan die ongeregtigheid van wetteloses en goddeloses in die regverdige se verbintenis aan die Wil van God.

In Christus minag God nooit die nood van Sy kinders nie. Nooit is hulle te gering vir Sy hulp nie. En nooit verontagsaam Hy hulle nood, of trek Hy Homself as God terug en weerhou Sy hulp en liefde as God van hulle in hulle nood nie.

Want Hy het alle mag in Sy Godverlatenheid begrond vir sondaars om nooit self weer Godverlate te wees nie. Hy het in hulle plek daardie weerhouding en onttrekking van God, op en in Homself geneem.

Want Hy het alle mag daardeur om nou self in liefde en met die hulp van liefde, God met Sy kinders te wees, al die dae tot aan die voleinding.

9. En hierdie mag wat die Here in Sy eie Godverlatenheid begrond en vestig, sien hulle as Sy grootste oomblik van swakheid.

Christus bewerk in Sy Godverlatenheid die mag om altyd God met sondaars te wees

Swak in hulle plan om Hom dood te maak en Sy mag as Messias finaal te breek.

Met elke spot en honende opmerking vertoon hulle hierdie triomf van hulle eie spirituele mag. Hulle het in hulle eie gemoed die mag wat Hy deur die skare gekry het en die koningskap wat die volk vir Hom uitgeroep het in die stadspoorte van Jerusalem, finaal gebreek!

Met spirituele selfversekerdheid verklaar die Joodse geestelike leiers hulle mag teenoor Jesus aan die kruis: dit is God wat jou nou hier deur ons gebreek het, en God bevestig hier voor die kruis aan jou dat ons Sy ware verteenwoordigers is.

“Jy wat die tempel sou afbreek en in drie dae opbou – red jou self!”

“Jy wat ander gered het – red jouself!”

Maar jy kan nie, want ons jou gebreek en God het dit deur ons gedoen: ons vier ons spirituele mag in jou gebrokenheid!

10. Het Jesus Homself aan hierdie mag van die Jode oorgegee sodat hulle hul mag in Sy onmag kon vier?

Het Jesus homself aan hierdie geestelike geweld en magsdrome van hierdie geestelike leiers oorgegee?

Nee!

Die Here het Homself aan die raadsplan van God die Vader oorgegee en Sy raadsplan nie met selfloosheid en onmag vervul nie. Christus het met gesag en krag die Godverlatenheid gedra om Sy mag te vestig as Here vir sondaars.

Wie is in wie se mag by die kruis, en wie breek vir wie?

Is Jesus in die mag van die Joodse leiers sodat hulle raadsplan vir Hom vervul word, of is hulle in God se mag, wat hulle die rolspelers maak in Sy daad om Sy seun alle mag op hemel en aarde te gee in Sy Godverlatenheid?

In Jesus se Godverlatenheid het Hy die Joodse tempel, en daarmee alle tempels van alle geestelikhede, gebreek. In Jesus se Godverlatenheid het Hy alle mag van elke en alle geestelike leiers om sondaars in hulle Godverlatenheid te vertrou, by te staan, te bemoedig en God se liefde aan hulle te bemiddel, finaal gebreek.

Want deur Sy Godverlatenheid is Hy elke dag, vir altyd, God met sondaars en sal Hy self hulle God wees. Vir geen geestelike leier sal sondaars ooit weer die Godverlate mensies wees vir wie hulle in hulle magsdrome God sal bemiddel nie.

Daarom antwoord Hy die oproep van die Bose in elke spirituele leier: “Kom van die kruis af en ons sal in jou glo”, deur Homself in die Godverlatenheid met Sy Vader oor te gee.

11. Dit is hoe ons die Here op Paasvrydag, en elke dag verder, moet ontdek!

Christus bewerk in Sy Godverlatenheid die mag om altyd God met sondaars te wees

In Sy Godverlatenheid skep Hy vir Homself die mag om elke dag as God met ons te wees, in die liefde en hulp wie net God kan wees. Ons kan deur geen sonde, en vir geen sonde, ooit weer van God se liefde en hulp vervreem wees nie.

Ons is altyd in die liefde en raadsplan van die Here, en in Sy krag sal Hy ons altyd hierin laat deel.

12. Dit is hoe ons onself ook in die minagting, die woede, die plundering en vernielsug van die wetteloses en goddeloses in hierdie land vandag moet ontdek.

Vir hulle is hierdie dade van geweld waarmee hulle hulleself teen ons laat geld, tekens van hulle mag dat

- ons niks anders is as wurms nie: onbeduidend en irrelevant vir die mag wat hulle oor ons laat geld.
- ons niks anders is as potskerwe nie: nutteloos en verworpe vir, en binne die raadsplanne van die magtiges.
- ons niks anders is as die weerlose prooi voor hulle as verskeurende leeus wat ons in hulle vernielsug en gierige plundering uitmekaar sal skeur nie.
- ons geen ander toekoms het as om een of ander tyd in swakheid voor hulle as 'n massa honde te moet swig nie.
- ons vasgevang is in hulle woede soos iemand wat binne die kring van wildebeeste vasgekeer is.

En in hierdie magsvertoon vier hulle ons onmag: mens en Godverlate voor hulle mag.

13. Daarom moet u ontdek dat net Een God verlate oorgegee is aan God se woede en haat vir sondaars: Jesus Christus, Sy geliefde Seun!

Dawid het dit al getuig: dit is net hoe ek ongelowig raak in my eie angs en paniek, maar dit is nie wat werklik met my gebeur en met my sal gebeur nie, want God het in Christus die mag geskep om sondaars nie te verlaat en te ignoreer in hulle nood nie.

God is ons hulp en ons is altyd in Sy blywende liefde: God met ons!

Die wetteloses en goddeloses is binne God se mag en raadsplan, nie ons binne-in hulle s'n nie. Hulle kan net 'n middel wees in Sy raadsplan vir en met ons lewe.

14. Ons moet in hierdie geloof van Paasvrydag leef!

Na watter mag kyk ons om onself in te vind?

Na die massa en hulle leiers wat soos wildebeeste en honde om die kruis rondmaal en Jesus koning maak voor die poorte, maar binne-in die stad breek?

Of kyk ons na Golgota en die Hemel, waar Christus alle mag in die Hemel en op aarde het om altyd God met ons te wees in liefde en hulp?

Christus bewerk in Sy Godverlatenheid die mag om altyd God met sonde te wees

Na die magsvertoon van hulle wat soos leeu's die Here aan die kruis uitmekaar verskeur met hulle spot en hoon, en daarmee die mag van hulle geestelike vier?

Of kyk ons na Golgota en die Hemel op, na Hom wat die mag van die tempel en alle geestelike wat mense se leiers in hulle Godverlatenheid wil wees, deur Sy Godverlatenheid gebreek het?

15. Ons mag onself nooit oorgee aan die mag van hulle wat ons geweld aandoen en in hulle mag gevange wil neem, deur die oproep van geestelike dat ons soos Jesus aan die kruis onself moet oorgee aan die mag van hulle wat ons haat nie.

Dit is die spel in die waansin van eiegeregtigheid en eimagtigheid.

Dit is die waansinnigheid van 'n Godverlate mens: om vir jouself waarde te gee deur jou oor te gee aan die mag van jou haters. Die sielkundiges noem dit die Stockholm-sindroom. Ons moet die potskerf wees van ons haters en onself die wurm van ons haters maak, vóór hulle dit met ons doen, want dan is ons nog in beheer van ons eie lot: ons sal onself wurms en potskerwe maak, soos Jesus dit met Homself gedoen het.

Dit is die waansin waarin geestelike leiers in die NG Kerk ons nou wil lei en aan wil oorgee: wanneer ons onself soos Jesus aan die woede van ons haters oorgee, sal ons weer die mag van selfbeskikking kry: die selfbeskikking om van jouself 'n wurm en potskerf te maak!

Nog minder mag ons onself oorgee aan die Godverlatenheid dat ons net op een manier onself teen hierdie goddeloses en wetteloses se mag kan verweer, en dit is om onself met dieselfde eiegeregtigheid en eimagtigheid te laat geld as waarmee hulle teen ons besig is.

16. Ons is en sal nooit weer ná Christus se Godverlatenheid Godverlate wees - sonder liefde en hulp uitgelewer aan die magswaan en magsug van wetteloses en goddeloses - nie.

Ons sal in Christus se Godverlatenheid die hulp en raadsplan van God vir ons ontdek wat Dawid ontdek en die Here voor geloof het:

"²⁵Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor."